

# **WONDERDAAD ...!**

**Die PUK tot 1951: wording, vestiging en selfstandigheid**

**deur**

**PF van der Schyff**

Uitgegee deur die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

2003

@ 2003 Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Buiteblad-ontwerp en uitleg deur Polar Design Solutions (Yzelle Viljoen) in oorleg en medewerking met die outeur

Gedruk en gebind deur d.com – design and communications (Johan du Toit)

Eerste uitgawe, eerste druk 2003

ISBN 1 – 86822 – 426 – 0

## Opdrag

Hierdie boek word opgedra aan die nagedagtenis van professor FERDINAND POSTMA, van wie oor en oor getuig is “dat die geskiedenis van die PUK ook die geskiedenis van Ferdinand Postma is”; sy invloed en impak loop inderdaad soos ‘n goue draad deur die verhaal wat in hierdie boek vertel word, vanaf sy intrede as student in 1896 tot en met sy dood in November 1950, op die vooraand van selfstandigwording op 17 Maart 1951.

Saam met grootvader Dirk, ooms Petrus en Stephanus, pa Marthinus en broer Dirk as mede-grondleggers en bouers het die Postmas inderdaad hul stempel onuitwisbaar op die geskiedenis van die PUK afgedruk.

Van Ferdinand Postma is dan ook die leuse

“IN U LIG SIEN ONS DIE LIG!”

## Erkennings

Erkenning vir die gebruik van foto's en illustrasie materiaal word teenoor die volgende persone en instansies betuig:

- die PUK-Argief en PUKANA-Museum
- die Ferdinand Postma-Biblioteek
- die Potchefstroom Museum
- die Burgersdorp Kultuurhistoriese Museum
- argiewe, manuskripafdelings en ander instansies wat in die verkorte bronnelys genoem word
- besitters van private versamelings wat benut is
- uitgewers en/of kopiereghouers van illustrasie materiaal in boeke en/of tydskrifte
- talle privaatpersone

# INHOUD

<b>Voorwoord</b>	<b>xi</b>
<b>Bekendstelling</b>	<b>xii</b>
<b>Bedankings</b>	<b>xiii</b>
<b>INLEIDING</b>	<b>xv</b>
<b>AFDELING I WORDING</b>	
<b>HOOFSTUK 1.1 GRONDSLAE</b>	
1.1.1. “Met ’s Heeren hulp ...”	2
1.1.2. “Dopper”-herkoms	3
1.1.3. Hoër onderwys in Kaapland	6
1.1.4. Visie en missie	8
1.1.5. 29 November 1869 ... “Dag van Kleine Dinge”	9
1.1.6. Setel en huisvesting	11
1.1.7. Akademiese ordening	15
1.1.8. Beeld na buite	16
<b>HOOFSTUK 1.2 VESTIGING LITERARIESE DEPARTEMENT (1876-1888)</b>	
1.2.1. Reorganisasie: Literariese Departement	20
1.2.2. Grondleggingswerk – Petrus Postma	21
1.2.3. Geleidelike groei – Marthinus Postma	27
1.2.4. Rooiletterjaar 1885	31
1.2.5. Christelike onderwys ... en die gewetenskousule	33
1.2.6. Onmin ... oor Van Minnen en oor rentefonds	38
<b>HOOFSTUK 1.3 WYER HORISONNE ... EN DONKER WOLKE (1889-1898)</b>	
1.3.1. Twintigste herdenking, 1889	42
1.3.2. Rondvallery met huisvesting	43
1.3.3. Akademiese verwickelinge	44

1.3.4	Studentelewe	51
1.3.5	Geesgenote in Nederland	55
1.3.6	Verplasing-”spook”	58
1.3.7	Donker wolke ...	62

#### **HOOFSTUK 1.4 OORLEWING EN VERPLASING (1898-1904)**

1.4.1	“De Heere heeft ons bewaard”	64
1.4.2	Afrikanernasionalisme	64
1.4.3	Anglo-Boereoorlog (1899-1902)	68
1.4.4	Heropbou ... en “een blijvende man?”	74
1.4.5	Verplasing	79

#### **HOOFSTUK 1.5 VESTIGING TE POTCHEFSTROOM (1905-1910)**

1.5.1	Idilliese en historiese Potchefstroom	86
1.5.2	Hoër onderwys in Transvaal	87
1.5.3	Vestiging en nuwe omgewing	89
1.5.4	Akademies, personeel, studente	94
1.5.5	Beeldbou en skakeling	98
1.5.6	“Gloria Victis” en Afrikanerkarakter	102
1.5.7	Christelik-nasionale onderwys	107
1.5.8	Uniewording 1910 ... en gevaarligte	108

#### **HOOFSTUK 1.6 ‘MAAR NET ‘N DROOM?’ ... (1910-1916)**

1.6.1	Die “universiteitskwessie”	114
1.6.2	‘n Droom ...	115
1.6.3	Akademie ontwikkeling	116
1.6.4	Fonds- en studentewerwing	122
1.6.5	Waterskeiding: Sinode 1913	123
1.6.6	Riebeek Kollege? Nee ... “Een kale reis”	125

1.6.7	Hollandse rolmodelle: Groen van Prinsterer en Abraham Kuyper	129
1.6.8	Christelike karakter, kerklike grondslag	131
1.6.9	Afrikanerkarakter: “De grote nationale beweging”	136
1.6.10	Nederlandse steun ... eis vir “breër basis”	144
1.6.11	Die pad vorentoe ...?	150

## **HOOFSTUK 1.7 DIE DROOM WORD WAAR! (1916-1919)**

1.7.1	Nuwe universiteitsbedeling	152
1.7.2	Reorganisasie en herbesinning	152
1.7.3	Sinodes en kommissies ... Quo Vadis?	155
1.7.4	Akademies, personeel	163
1.7.5	Postma en die VU-roepstem	166
1.7.6	Studente ... en Martha Lugtenburg	168
1.7.7	Geboue en geldsake	173
1.7.8	Christelike karakter	175
1.7.9	Afrikaanse karakter ... en Nederlandse hulp/druk	178
1.7.10	Studente ywer vir Afrikaans	184
1.7.11	Subsidie ... die droom word waar!	189

## **HOOFSTUK 1.8 KORT TUSSENSPEL (1919-1921):“VIR CHRISTELIKE Hoër ONDERWYS”**

1.8.1	Nuwe bedeling ... wolk van onsekerheid	192
1.8.2	Jubileumfees 29 November 1919	193
1.8.3	Beslaggewing en akademiese ordening	196
1.8.4	Terreine, fasiliteite en finansies	202
1.8.5	Nederlandse steun ... dalk die Kruger-miljoene?	205
1.8.6	Vervroegde sinode: “Finale beslissing”	209
1.8.7	Inkorporasie ... met “verminkte vaandel”	215

## **AFDELING 2 STRYD OM BESTAAN EN VOORTBESTAAN**

### **HOOFSTUK 2.1 'N PLEK IN DIE SON: ORDENING EN KONSOLIDASIE**

2.1.1	Nuwe status, nuwe eise	224
2.1.2	Bestuur: Raad, rektor en registrateur	224
2.1.3	Senaat, fakulteite en departemente	231
2.1.4	Personeelsake	233
2.1.5	Studentelewe kry koers	237
2.1.6	Verhoudinge met die Universiteit van Suid-Afrika	241
2.1.7	PUK en NORMAAL	244

### **HOOFSTUK 2.2 KORPORATIEWE IDENTITEIT**

2.2.1	Eie identiteit	252
2.2.2	Jaarboek	252
2.2.3	Embleem	252
2.2.4	Leuse: "In U Lig"	258
2.2.5	Simboliek van die PUK embleem	260
2.2.6	PUK-kleure	262
2.2.7	Alma Mater en kreet	266

### **HOOFSTUK 2.3 GROEILYNE EN GROEIPYNE**

2.3.1	"Onder die blote hemel?"	272
2.3.2	Gestoei met die staat: Geldsake	274
2.3.3	Haaks met die bank, "rebellie" in die Raad	278
2.3.4	PUK-karakter en beeld na buite	282
2.3.5	Eerste koshuise ... en 'n eie stasie ("Cachet")	301
2.3.6	Rooi flikkerligte ...	308



## **HOOFSTUK 2.4 “SWAARD VAN DAMOKLES”: VAN DER HORST-KOMMISSIE**

2.4.1	Aanstelling van Universiteitskommissie	312
2.4.2	Negatiewe seine	313
2.4.3	Van der Horst-verslag: “Baie drasties, diep ingrypend”	315
2.4.4	PUK-protos: “Onbillike verdenking”	317
2.4.5	Studentereaksie: “Ons is wakker geskud”	320
2.4.6	“Voorwaarts waar ons in gevaar is!”	322
2.4.7	Universiteit van Suid-Afrika: eie ondersoek	326
2.4.8	Naspel: “Nuwe daeraad”	327

## **HOOFSTUK 2.5 NUWE GEBOUE, NUWE AANSIEN**

2.5.1	“My doodkry is min!”	330
2.5.2	“Gedenkwaardige dag”: Hoeksteenlegging van hoofgebou	330
2.5.3	Ingebruikneming hoofgebou en koshuise	335
2.5.4	Die “kamerstelsel”	339

## **AFDELING 3 KONSOLIDASIE EN GROEI**

### **HOOFSTUK 3.1 DIE GEWETENSKLOUSULE EN DIE HERSTEL VAN DIE “VERMINKTEVAANDEL” (1921 - 1933)**

3.1.1	VKHO en “Die Saaier”	344
3.1.2	Monstering van bondgenote	347
3.1.3	Pogings tot wetswysigings	351
3.1.4	Die stryd duur voort: breër platform	354
3.1.5	Van der Merwe-mosie in Volksraad	358
3.1.6	PUK - manifes en openbare veldtogte	360
3.1.7	Studente en die gewetensklausule	362
3.1.8	Malan maak die deur oop ...	363
3.1.9	Tydelike afkoeling ...	364
3.1.10	“Die geruis van ‘n sang in die toppe van die bome ...”	365

3.1.11	Vorbereiding van wetsontwerp - “ ’n hasie opgejaag”	367
3.1.12	Wetsontwerp in die Parlement	369
3.1.13	Vreugdevure ... en herstel van “verminkte vaandel”!	374

### **HOOFSTUK 3.2 KONSOLIDASIE (30-erjare)**

3.2.1	“Gestadigde maar gesonde groei”	379
3.2.2	Topbestuur, fakulteite en personeel	380
3.2.3	Navorsing	380
3.2.4	HG Stoker: bouer aan Christelike wetenskap	387
3.2.5	Koers en Koers in die Krisis	393
3.2.6	PUK-personeel en die Bybelvertaling	396
3.2.7	Akademie se skakeling / beeld na buite	399
3.2.8	Postma: gesog en gehuldig	405
3.2.9	Oorlogswolke	408

### **HOOFSTUK 3.3 “VORDERING EN GROEI ... RUSTIG EN KALM”**

3.3.1	Vreugde en dankbaarheid: Gradedag 1940	410
3.3.2	Beheer en bestuur	411
3.3.3	Akademie se ontwikkeling	413
3.3.4	Inlywing van Normaal?	415
3.3.5	Personeel	417
3.3.6	Skakeling en beeld na buite	423
3.3.7	Algemene lesings	431
3.3.8	Navorsing en publikasies	432

### **HOOFSTUK 3.4 GELDSAKE (1930-1950): BESUINIGING EN DUN SNY VAN RIEME**

3.4.1	Besuiniging	436
3.4.2	Latsky-drama	438
3.4.3	“Begrotings, hersiene begrotings ...”	439

3.4.4	Adamson-kommissie	442
3.4.5	Boufonds / fondsinsameling	444
3.4.6	Gekibbel oor koeverte, kleingeld en slegte skuld ...	447
3.4.7	Dekade 40: Raap en skraap ... en dun sny van rieme	448

### **HOOFSTUK 3.5 KAMPUSONTWIKKELING (1935-1951)**

3.5.1	Oprigting van laboratoria	454
3.5.2	Koshuise: “Ons wonings, ons huise”	458
3.5.3	Terreinuitbreiding	462
3.5.4	“Landgoed Oude Molen”	465
3.5.5	Biblioteek in vlamme ... en feniks uit die asse!	467
3.5.6	Agter die skerms ...	474

### **AFDELING 4 DIE PUK IN DIE SAMELEWING**

#### **HOOFSTUK 4.1 DIE PUK EN DIE POLITIEK, 30-erjare**

4.1.1	Politieke koersaanduiding	476
4.1.2	Personeel : deelname aan politiek?	479
4.1.3	Professore CJH de Wet en LJ du Plessis	479
4.1.4	Hernude kommer oor politieke deelname	482
4.1.5	‘n Heildronk, die Kroningsmedalje en ‘n blik op Nasionaal-Sosialisme	483
4.1.6	PUK en die Afrikaner Broederbond	484
4.1.7	Monumentkoppie 9 September 1939 en daarna ...	488

#### **HOOFSTUK 4.2 PUK EN DIE TWEDE WÊRELDOORLOG**

4.2.1	4 September 1939	494
4.2.2	Eerste “slagoffers”: Du Toit en Eiselen	494
4.2.3	“Wintersnag”: Soldate-aanval, 7 Augustus 1940	495
4.2.4	Internerings en hofsake	501

4.2.5	Johannes van der Walt	508
4.2.6	Naamlose briewe	508
4.2.7	Ander oorlogsaangeleenthede	509
4.2.8	Met die koms van vrede ...	511

### **HOOFSTUK 4.3 “STORM EN DRANG”-POLITIEK, 40-erjare**

4.3.1	Onrus oor politieke woelinge	514
4.3.2	PUK-dosente in politieke binnegevegte	515
4.3.3	Totius en JC van Rooy: versoeningsfigure	519
4.3.4	HG Stoker en DJ van Rooy	520
4.3.5	“Dareem nie almal OB's nie ...”	522
4.3.6	LJ du Plessis: frustrasies en 'n laaste swaaihou	523
4.3.7	Afplattung	524

### **HOOFSTUK 4.4 PUK EN DIE RASSE- OF KLEURVRAAGSTUK: “DIE GROOTSTE PROBLEEM IN ONS LAND”**

4.4.1	“Rassevraagstuk” en “apartheid”	528
4.4.2	Sporadiese en vroeë uitinge oor rassevraagstuk	530
4.4.3	As studierigting en studiekring	532
4.4.4	NUSAS, ANS, PANSO en ASB	534
4.4.5	Voorligting en voorlesings	540
4.4.6	SA Instituut vir Rasseverhoudinge en Afrikanerbond vir Rassestudie	544
4.4.7	PUK-denke en PUK-denkers, 40-er jare	546
4.4.8	Akademie se segregasie	548
4.4.9	Eerwaarde Scott, 'n VVO-navraag, Fort Hare en SABRA	551
4.4.10	DW Krüger dui “Koers” aan	553

## **AFDELING 5 SELFSTANDIGE CHRISTELIKE UNIVERSITEIT**

### **HOOFSTUK 5.1 HANDHAWING VAN PUK-KARAKTER**

5.1.1	Beginsels as “lewensessensie”	556
5.1.2	Afrikaanse karakter	557
5.1.2.1	Taal en kultuur, dertigerjare	557
5.1.2.2	Die armbankevraagstuk	560
5.1.2.3	Voortrekkereuefees	560
5.1.2.4	Taal en kultuur, veertigerjare	566
5.1.2.5	Ekonomiese volkskongres en daarna	567
5.1.2.6	Johannes van der Walt	569
5.1.3	Christelike karakter	570
5.1.3.1	Verteenwoordiging ander kerke?	570
5.1.3.2	Geloofsleerklasse	571
5.1.3.3	Simposium: Die mens in die kosmos	572
5.1.3.4	Nuwe diensregulasies ... en die gewetenskousule	573
5.1.3.5	“Onderwys verpotchefstroom?”	575
5.1.3.6	Studente en die PUK-karakter	578

### **HOOFSTUK 5.2 DIE PAD NA SELFSTANDIGHEID**

5.2.1	Lonkende ideaal ...	582
5.2.2	Die Brookes-kommissie (1947)	583
5.2.3	Die wiele aan die rol ...	585
5.2.4	Profiel van die PUK	587
5.2.5	Gekose Komitee: “Met vlieënde vaandels”	590
5.2.6	Stryd in die Volksraad, kritiek van buite	592
5.2.7	Deur die Senaat ... “Die baan is vry!”	597

### **HOOFSTUK 5.3 “DIE BELOOFDE LAND!” – PUVIR CHO, 1951**

5.3.1	Vreugde en dankbaarheid	602
5.3.2	“Soos ‘n Moses” ... Postma oorlede	603
5.3.3	Nuwe rektor: JC (Joon) van Rooy	610
5.3.4	Voorspel tot feesvieringe	613
5.3.4.1	Feeskommissies	613
5.3.4.2	Postma-huldiging	614
5.3.5	Feesvieringe 14 – 17 Maart 1951	615
5.3.6	En dan ... “Voorwaarts in die naam van die Here!”	622

### **HOOFSTUK 5.4 EPILOOG: EMBLEEM EN ALMA MATER (VERVOLG) EN GEDENKBOEK**

5.4.1	“ ‘n Bietjie laat geslaap”	626
5.4.2	Nuwe embleem	626
5.4.3	Nuwe Alma Mater	630
5.4.4	Gedenkboek	631

<b>VERWYSINGS</b>	637
-------------------	-----

<b>BRONNE</b>	703
---------------	-----

# VOORWOORD

Die geskiedkundiges sê graag dat 'n mens uit die verlede die hede ken en met dié kennis vir die toekoms kan beplan. Die skrywer van **“Wonderdaad ...!”** haal êrens in die boek die bekende Nederlandse digter Willem Bilderdijk as promotor van hierdie slagspreuk aan: “In 't voorlede / ligt 't hede / in het nu / wat worden zal”. Hoewel die draaipunt van hierdie boek nie die hede of die nou van Bilderdijk is nie, maar redelik ver in die verlede terug dateer - 1951, twee-en-vyftig jaar gelede - sal dit steeds nut en waarde hê, en is dit boonop hoogs interessant om kennis te neem van die herkoms en wortels van die PUK en van die groei en ontwikkeling van hierdie fenomeen in die interuniversitêre opset in Suid-Afrika en selfs internasionaal.

Die titel van die boek, **“Wonderdaad ...!”**, sê inderdaad presies net wat gebeur het:

- 'n **wonderdaad** dat 'n inrigting soos hierdie sy beslag juis dáár in die ylbewoonde, dorre Karoo gekry het en vir drie dekades lank, soos die kanniedood-besembos van destydse “onze dichter” Japie du Toit (die later bekende Totius), oorleef het;
- 'n **wonderdaad** dat dit nie deur die verwoestende Anglo-Boereoorlog verswelg en verskroei is nie en dat dit hoegenaamd enkele jare daarna in 'n deur-oorlog-verarmde Wes-Transvaal opnuut staan gemaak kon word;
- 'n **wonderdaad** dat die skamele inrigting bly bestaan het toe die universiteitswese in die jare 1916-1918 met groot fanfare en sterk regeringsondersteuning van die grond gekom het en daar feitlik nie eens van hierdie piepklein en worstelende inrigting kennis geneem is nie;
- 'n **wonderdaad** dat wel in 1919 'n subsidie-aalmoes van simpatiekgesinde Onderwysminister FS Malan verkry is en dat twee jaar later by die federale Universiteit van Suid-Afrika geïnkorporeer kon word - al is hul aansoek sterk teengestaan deur universitêre kollegas, wat minagting na die PUK verwys het as 'n “puck” (in die betekenis van “elf” of “kabouter”).

En só kan lesers saam met die skrywer die pad van die PUK loop, 'n pad van swaarkry en rieme dun sny, dikwels selfs 'n pad van smaad. Dink maar aan die byna vernietigende uitspraak van die Van der Horst-kommissie in 1928, dat die PUK maar sy deure moes sluit; of aan die soldate-aanval van 1940 op 'n vrolike, vir intervarsitie voorbereidende PUK-massa in hul skamele sink-studentesaaltjie; of aan die vernietigende biblioteekbrand in Februarie 1949 ...

**Maar dan, telkens weer, die wonderdaad:** twee jaar na Van der Horst, die sierlike hoofgebou; 'n immergroeiende kampus, snel-toenemende studentetalle, akkumulerende akademiese en sportprestasies ... ensovoorts, totdat die kroon gespan word met selfstandigwording in Maart 1951. Voorwaar, soos Totius dit in sy gedig “Die Besembos” as't ware uitjubel: “My doodkry is min!”

Die outeur vestig die aandag daarop dat hierdie boek eintlik al 'n halfeeu vroeër die lig moes gesien het. As “ereskuld” word **“Wonderdaad ...!”** egter van harte verwelkom op die ruim en moderne kampus met sy duisende studente wat geleerdheid en opvoeding wat hulle by hierdie besondere, waardegedrewe inrigting verwerf het, die wye wêreld wil indra. **“Wonderdaad ...!”** sal ongetwyfeld ook verwelkom word deur die nog meer duisende oudstudente, sommige van wie self en andere van wie voorsate deel gehad het aan die geskiedenis wat hierin vertel word. Dit is verblydend dat grondige navorsing oor die periode vanaf 1951 tot en met 2002 in volle swang is en dat die resultate hiervan ook binnekort beskikbaar sal wees. Dan sal die verlede in die hede lê en sal die nou as kompas vir die toekoms aangelê kan word. Eers dan sal ten volle vertel en grondig verklaar kan word hoe en langs watter pad die PUK van vandag die PUK van vandag geword het – en wat van die PUK van môre verwag kan word.

Theuns Eloff

REKTOR

Februarie 2003

# BEKENDSTELLING

In die “Inleiding” gee die outeur ‘n oorsig oor die stand met betrekking tot die geskiedskrywing oor die PUK en wys hy onder meer op onsuksesvolle pogings om ‘n werklik omvattende studie op gang te kry. Hierdie boek vorm deel van ‘n grootse projek wat ten doel het om die PUK se geskiedenis tot en met 2002 te boek te stel. ‘n Span medewerkers is tans onder leiding van prof ES van Eeden reeds ver gevorder met die teboekstelling van die tydperk ná 1951. Hierdie span se navorsingsresultate sal ook binne afsienbare tyd gepubliseer word.

Afgesien van hierdie twee dieptestudies word ook reeds gewerk aan ‘n kleiner en ligter, meer informele publikasie waarin sages, legendes en anekdotes van en oor die PUK en sy mense opgeteken word. Die PUK-ondersteuners en alle belangstellendes kan hulle dus gereed maak om vir die eerste keer met hierdie prestige publikasie en binne afsienbare tyd met opvolgpublikasies hulle in die PUK se volle verhaal te verdiep.

Die navorsing wat **“Wonderdaad ...!”** ten grondslag lê, is aanvanklik deur ‘n projekkomitee van die bestuurskomitee bestaande uit proff AJ Viljoen (voorsitter), CFC van der Walt, PJJ Prinsloo en PF van der Schyff bestuur. Met die uittrede van prof Viljoen as viserektor aan die einde van 2001 het ondergetekende as voorsitter oorgeneem en het ook as sameroeper van ‘n redaksiekomitee, saam met die skrywer en prof JWN Tempelhoff, me S Oppermann en P Kühne, die projek deur sy verdere fases geloods. Die finale afronding van die publikasie is onder leiding van prof Annette L Combrink, die dekaan van die fakulteit Lettere en Wysbegeerte, en in medewerking met dr A-M van der Merwe (taalversorging), me M van der Merwe (finale teksversorging) en Y Viljoen (grafiese ontwerp) verrig.

Op ‘n vroeë stadium het PUK kollegas soos proff P de Klerk, JA du Pisani en ES van Eeden die teks gelees en kommentaar voorsien, terwyl prof HJ van Aswegen (RAU) en wyle dr PH Snyman (ABSA) as buite-evalueerders koers en rigting aangedui het. Lede van die projekkomitee het deurlopend insae gehad in verskeie voorleggings terwyl ook wyle prof WE Scott, viserektor, by geleentheid kommentaar voorgelê het. Die voor-finale konsep is deur prof GJ Schutte van die Vrye Universiteit (VU) van Amsterdam, ‘n bewese kenner van die Suid-Afrikaanse samelewingsgeskiedenis en van die Calvinisme, beoordeel. Prof Schutte is self ook by ‘n omvattende projek oor die geskiedenis van die VU betrokke en is verantwoordelik vir die komponent wat oor die VU se bande met Suid-Afrika handel.

Benewens die kort profielskets van die outeur op die omslag, kan genoem word dat prof Piet van der Schyff tydens sy sesjarige voltydse studie (1958-1963) aan die PUK die BA (met onderskeiding in Geskiedenis), Honns BA en MA (onderskeiding) asook UOD en ‘n driejarige graadkursus in Joernalistiek (nie-graaddoeleindes) voltooi het. Sy MA-studie het gehandel oor *“Die Unioniste Party in die Suid-Afrikaanse politiek, 1910-1920”* terwyl hy sy doktorsgraad in 1975 aan die PU vir CHO verwerf het met die proefskrif *“Eric H Louw in die Suid-Afrikaanse politiek tot 1948”*. Hy is skrywer/medeskrywer van publikasies soos *“Die OB: Vuurtjie in droë gras”*, *“Bothaville en sy mense”*, *“Mielieboersage”* en *“DW Krüger Gedenkpublikasie: ‘The Hound of God’ en ander bydraes”*.

Prof van der Schyff het suksesvolle studieleiding aan ses doktorale en sewentien MA-studente gegee en het ook as eksaminator en keurder vir talle proefskrifte, verhandelings en navorsingsverslae opgetree.

Gegewe sy ervaring as navorser en skrywer en die feit dat sy belangstelling grootliks op aspekte van samelewingsgeskiedenis gefokus is, is die outeur derhalwe uitmuntend onderlê om hierdie tydperk in die PUK se geskiedenis in boekvorm met treffende titel **“Wonderdaad ...”** onder woord te bring. Al die persone wat verantwoordelik was vir die daarstelling van hierdie publikasie hoop dat u prof Piet van der Schyff se verhaal oor die PUK enduit sal lees en geniet!

PJJ Prinsloo

Viserektor: Akademies

en Voorsitter Projekkomitee

Februarie 2003



# BEDANKINGS

By die voltooiing van 'n werk soos hierdie, betaam dit om dank te betuig aan persone en instansies wat op een of ander wyse, in meerdere of in mindere mate, 'n rol gespeel en/of gehelp het om die boek op die rak te kry. Daar is baie diesulkes.

Die impak wat die totstandkoming van die PUK-Argief in 1994 op hierdie studie gehad het en ook op verdere studies sal hê, onderstreep die belangrikheid en waarde van daardie weliswaar lank-vertraagde stap. Die besielde bestuur van hierdie arsenaal van die PUK, eers deur wyle prof Willem Scott en daarna deur prof CFC van der Walt, en die bereidwilligheid van bestuurskant om in 'n argief en in sy geskiedskrywing te belê, is uitinge van 'n besef van die waarde van vennootskap tussen kapitaal en kultuur.

Letwat verder terug in die verlede, kom dank ook Casper Lessing toe, wat saam met prof Harry van Rooy toegesien het dat kosbare bronne in die Ferdinand Postma-Biblioteek bewaar is lank voordat daar 'n universiteitsargief bestaan het. Dieselfde geld vir Hendrik van der Wateren, wat via die PUKANA Museum en ook aan die beginjare van die PUK Argief ywerig bronne byeengebring het. Miriam Coetzee, dogter van prof JC (Joon) van Rooy en kleindogter van die eerbiedwaardige ou vader Jan Lion Cachet, en Nellie Postma, dogter van prof DJ (Dirk) van Rooy, wat so gereedlik hulle privaatversamelings van genoemde rolspelers tot my beskikking gestel het, verdien ook my en die PUK se dank.

Dan is daar natuurlik diegene wat direk behulpsaam was met die verkryging van die stof of materiaal waaruit hierdie boek saamgestel is, naamlik al die personeel van die talle biblioteke en argiewe wat in die proses besoek is. Hulle flinke en deurgaans simpatieke hulpverlening het my taak baie vergemaklik.

By name wil ek graag noem Johanna Bornmann, Jaap Verhoef en Annette Kellner van die PUK-argief, Hester Spoelstra en haar flinke kollegas in die Ferdinand Postma-Biblioteek, Christine Drewes (Potchefstroom Museum), Joke Botha (Gereformeerde Kerk-Argief), Madelaine Meyer en Laetitia Ferreira (Nasionale Argief, Pretoria), Danie Jacobs en Esta Jones (AREA, Bloemfontein), Marie Coetzee (UNISA-Argief), Karin Harris (UP-Argief), Nando Sarkady (Hervormde Kerk-Argief, Pretoria), Attie van der Colff (Naspers-Argief, Kaapstad), Dirk van Wyk (NG Kerk-Argief, Kaapstad), Hans Heese (Argief van die Universiteit van Stellenbosch), Hanna Botha (Manuskripte-afdeling, JS Gericke Biblioteek US) en Daleen Bredenkamp (Burgersdorp Museum).

Van diegene wat behulpsaam was met die byeenbring van stukkies en brokkies wat die legkaart voltooi het en met die finale vormgewing van hierdie boek behulpsaam was, wens ek graag die name te noem van proff Wannie Carstens en Hans du Plessis, dr FW Leuschner, prof Jan van der Berg, die bejaarde mnr Jan Kamp van Plettenbergbaai, die Pasch- en Stoker-families. Maar in dieselfde asem kan nie vergeet word nie al die ongenoemdes wat in hierdie kategorie val. Hulle sal weet wie hulle is, en hulle moet weet dat die ywer en entoesiasme waarmee hulle my in die moeisame speurtoegte bygestaan en gehelp het, ten seerste waardeer word.

Ek kan nie nalaat om 'n aantal oorsese "medewerkers" se name te noem nie. Bo-aan dié lys pryk onomwonde die naam van kollega en vriend Gerrit Schutte, wat as mentor vir die verkryging van Nederlandse data onoortreflik was. Sy skerp oordeel en diepe insig in die tema, soos dit na vore gekom het in onderlinge diskussie maar ook in sy beoordeling van die voor-finale manuskrip, het 'n wesentlike en positiewe invloed op die eindproduk gehad. Saam met hom het ook die heer Hugo van Kinschot (van die VU) en mw. dr Sief Veltkamp-Visser en Corine de Maijer van die NZAV/Suid-Afrikaanse Instituut te Keizersgracht 141 uit hul pad gegaan om my in my speurtoegte behulpsaam te wees. In die proses is waardevolle nuwe inligting oor die geskiedenis van die Potchefstroomse inrigting opgediep.

Die projekkomitee onder leiding van prof Albert Viljoen sowel as die redaksiekomitee wat die projek tot op 'n gevordere stadium gerig het (hulle name word elders gegee), was ook belangrike rolspelers. Hulle kommentare en insette op verskillende stadia van die projek het waardevolle riglyne gebied, terwyl hulle herhaalde simpatieke oorweging van uitstel ter wille van die verhoging van standaard ongetwyfeld in die eindresultaat gereflekteer word. Hulle sal beslis gelyk gee dat daar ligjare se verskil is tussen die eerste "finale" voorlegging in November 1999 en dit wat nou, ná etlike tussentydse "finale" voorleggings, hier in druk verskyn. In die laaste fase was viserektor Piet Prinsloo die man wat van besluitnemerskant die projek onder sy sorg geneem en met begrip van die historiese proses dit tot finaliteit begelei het. Annette Combrink, as dekaan van Lettere en Wysbegeerte, en haar span (name elders) het met bekwame spoed en professionele bekwaamheid die finale afronding van die boek behartig.

Dat “Wonderdaad” inderdaad op die historiese datum, 17 Maart vrygestel kan word, is opsigself ‘n wonderdaad wat in die laaste instansie tot die krediet van uitgewer, Johann du Toit, gereken kan word.

Etlke persone van ITB het periodiek omgesien na die gebrek aan rekenaarvaardigheid van die outeur. Ver weg in die Karoo het predikant ds Jan Malan dikwels en met groot vaardigheid daardie rol van ITB moes oorneem en kon hy menige tegnologiese “krisisse” met gemak, groot geduld en kennelike vaardigheid oplos. Verskeie vriende en familielede het ook menige keer ‘n helpende hand op ander terreine verleen, waardeur die fokus op die boek kon bly.

Sonder die entoesiastiese en heelhartige ondersteuning van gesinslede sou hierdie projek beswaarlik suksesvol deurgesien kon word. Deur die boerdery op Sweetfontein in die Karoo feitlik geheel op eie stoom te bedryf, het Elize my in ‘n posisie geplaas om dit wat beskryf kan word as ‘n passie, naamlik om die pad van die geskiedenis van die PUK van meet af aan te loop, ten volle uit te leef. Haar voortdurende aanmoediging, veral tydens enkele krisistye wat beleef is, was die spreekwoordelike riem onder die hart.

En ek ag my besonder bevoorreg dat ek feitlik deurentyd òf in die rustige atmosfeer van die Karoo, in welke streek die PUK sy wording beleef het, òf in Potchefstroom, “temidden van zoveel natuurschoon, vormenweelde en kleurenpracht” (Totius) en waar die PUK vanaf 1905 sy plek in die ry van inrigtings vir hoër onderwys oopgeworstel het, hierdie sielsbevredigende taak kon onderneem. Ek kan ten volle identifiseer met oud-kollega CFJ Muller, in sy ervaringe met die teboekstelling van die geskiedenis van Nasionale Pers: “Om die vervloë jare uit so ‘n verskeidenheid van tydgenootlike historiese bronne te herleef, was ‘n boeiende ervaring, trouens ‘n onvergeetlike avontuur” (**Sonop in die Suide, p x**).

In die laaste instansie kan volstaan word met ‘n heelhartige onderskrywing van die PUK se leuse: “In U Lig sien ons die Lig.” En gekoppel daaraan, die verdere en tradisionele PUK belydenis: “Soli Deo Gloria – Aan God alleen die eer!”

**PF van der Schyff**

**Januarie 2003**

# INLEIDING

Dit is eintlik verbasend dat die PUK, tot op hede, nooit juis kon spog nie deur te sê, “Dáár is my geskiedenis” – in die vorm van ‘n boek of publikasie van een of ander aard.

En dit terwyl die oorsprong of begin van hierdie unieke inrigting vir tersiêre opleiding so ver terug gevoer kan word as 1876/77, honderd-vyf-en-dertig jaar gelede. In die proses het die PUK (om dit gerieflikheidshalwe by sy latere formele naam te noem) twee eeuwendige beleef en inderdaad ook oorleef. Tydens die eerste eeuweniging het die verbete militêre stryd tussen Boer en Brit en die daaruit voortvloeiende verengelsingsbeleid gedreig om die destydse PUK-inwording in rook en as te laat opgaan; ‘n eeu later, is dit nie soseer die voortbestaan van die PUK wat, soos destyds, in die gedrang is nie, maar wel die kenmerkende en van meet af aan Christelike en Afrikaanse karakter van die inrigting wat in die spervuur staan.

Tussen vandag en 1876/77 lê daar ‘n lang en gebeurtenisvolle stuk geskiedenis, ‘n geskiedenis wat die digter van die PUK se “Alma Mater” so treffend verwoord het as ‘n “wonderdaad ... gebore uit die nag van smaad”. Dit geld veral die tydperk tot met selfstandigwording in Maart 1951, die verhaal waarvan in hierdie publikasie vertel word.

## Die PUK in die geskiedskrywing

Die voorgeskiedenis en wordingsjare van die PUK is onlosmaaklik vervleg met die geskiedenis van die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, wat in 1869 sy beslag gekry het, en is gevolglik ook in die geskiedskrywing meestal as onderdeel van en ondergeskik aan die geskiedenis van hierdie inrigting behandel. Waar die immer-groeiende Literariese Departement eers in 1919 die lewensband met moederliggaam Teologiese Skool verbreek en as Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelike Hoër Onderwys sy eie pad begin loop het, is dit te begrype dat daar in die drie dekades wat gevolg het en wat swanger was aan swaarkry en stryd om oorlewing, nie juis tyd of geleentheid was om die jong, ontwikkelende inrigting se geskiedenis deeglik na te vors en te boek te stel nie.

Van tyd tot tyd was daar wel behoefte aan historiese begroning en verantwoording, onder meer tydens die voorbereiding vir wetgewing rondom 1921, 1926-1927, 1932-1933 en 1950. Dit was meestal maar rektor Ferdinand Postma wat by hierdie geleenthede as ‘t ware somer so terloops in die behoeftes voorsien het met beknopte en oorsigtelike weergawes van die gebeure wat hy nie alleen persoonlik deurleef het nie, maar waarin hy feitlik deurgaans die hoofrolspeler was.

Ietwat vreemd, bespreek die PUK se Komitee vir Geboue op 12 Junie 1929 die saak van ‘n “familiêre Dagboek” en word direk daarna op voorstel van prof SPE Boshoff besluit “om ‘n boek aan te lê, waarin die geskiedenis van die P.U.K. weergegee word”. Hierdie boek, lui dit verder, “kan dan ook aan die publiek verkoop word”. Van so ‘n boek is daar geen spoor ooit gevind nie – moontlik omdat prof Boshoff, wat kennelik die dryfkrag was, kort hierna uit diens getree het.

In 1934, nadat die “verminkte vaandel” herstel en die PUK sy “van” (vir Christelike Hoër Onderwys) terug gekry het, sien ‘n brosjure van 67 bladsye die lig, onder titel *Die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys*. Behalwe vir Postma se veertien bladsye oor die geskiedenis, word verskeie ander fasette van die inrigting se aktiwiteite en bestaan aangesny: karakter, oprigting van geboue, fakulteite, losies, sport en verhoudinge met die Teologiese Skool en Normaakollege. Al die inligting is maar baie kripties en sonder enige wetenskaplike verantwoording, sodat die publikasie hoogstens as ‘n reklamebrosjure beskou kan word.

In 1937 word die geskiedenis van die PUK in ‘n skrale vyftien bladsye aangestip in *Studentehandboekie*, en wéér uit die pen van Postma. By die mondigwording van die PUK, in 1942, lewer hy ook ‘n bydrae getiteld “Die P.U.K. vir C.H.O. (1921-1942)”, waarin veral klem gelê word op die beginselgrondslae van die inrigting, terwyl destydse organiseerder HC van Rooy ietwat breedvoeriger en aan die hand van statistieke en tabelle ‘n oorkoepelende beeld gee van die ontwikkeling tydens die voorafgaande 21 jaar. **(Koers X(4), Februarie 1943 pp 127-149)**

Al die voorgaande bydraes was nie veel meer nie as inligtingstukke of brosjures wat vir reklamedoeleindes opgestel en benut is. Die eerste werklike geleentheid vir die opteken van die PUK se geskiedenis was met selfstandigwording, in 1951.

By dié heuglike geleentheid, rondom 17 Maart 1951, is ‘n somer spoggerige gedenkprogram uitgegee, ryklik geïllustreer

en met heelwat brokkies inligting van meerdere of mindere historiese belang. Ook word 'n gedenkboek in die vooruitsig gestel, van hoë wetenskaplike gehalte en "so omvattend ... dat dit as naslaanwerk diens kan doen en dat dit nie nodig sal wees om later weer 'n geskiedenis van ons universiteit tot op datum te skrywe nie". **(Registrateur P/Algemeen, AA/1/4/4: omsendbrief HG Stoker, 30.5.1950)**

Die nie-verwesenliking van hierdie verhewe doelstelling word in hoofstuk 5.4 beskryf. As 'n soort troosprys het JS du Plessis se studie, getiteld *In U Lig: 'n Geskiedenis van die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelike Hoër Onderwys, 1921-1951* darem in 1961 'n plek op die biblioteekrakke van die PUK ingeneem. Maar dis ook omtrent waar dit geëindig het, as 'n "rak"-geskiedenis: van 'n uitdra van die resultate van dié studie na die gemeenskap of ondersteuners was daar skynbaar nie juis sprake nie.

"Dit was 'n omvattende taak waaraan etlike jare se ondersoek verbonde was", sê du Plessis in die voorwoord van hierdie werk wat 23 hoofstukke en meer as 500 van die destydse folio grootte bladsye beslaan. Maar hy spel tegelykertyd beperkinge en gebreke uit. Wat betref die omvang en trefwydte van sy werk, sê hy, het hy hom "hoofsaaklik, byna uitsluitlik" op amptelike dokumente van die PUK "en waar nodig", op "amptelike regeringsdokumente" (bedoelende eintlik regeringspublikasies) verlaat. Aan "nie-amptelike, semi-amptelike sake en studentebedrywighede" is weinig of geen aandag geskenk nie. "Verder", sê hy, "is alleen aandag gegee aan die dinge wat voor 1951 werklik bestaan het asook die wat in wording en byna al verwesenlik was" – wat ook al daarmee bedoel is.

Boonop erken du Plessis ruitelik dat hy noodgedwonge "meer as kroniekskrywer dan wel as geskiedskrywer" optree, onder meer vanweë tydgenootlikheid (as student en dosent) en omdat dit "later, wanneer die verwickelinge meer in perspektief gesien sal kan word", meer moontlik sal wees "om 'n geskiedenis in die ware sin van die woord" te kan skryf.

Die aller ideaal van 'n produk te lewer wat as naslaanwerk kon dien, was dus maar net gedeeltelik bereik en in die gestelde behoefte aan 'n allesomvattende werk sou steeds voldoen moes word. Du Plessis se lywige boekdeel is grotendeels kronieke (in die sin van opeenstapeling van feite en gebeure sonder grondige evaluering en interpretasie) en as sulks bloot 'n naslaanwerk, met 'n voëlvlug oorsig oor die stryd om die behoud van die Christelike karakter tot met selfstandigwording in 1951, asook data vir sover dit die binnewerking van die PUK (beheer, bestuur, terreine en geboue, departemente en afdelings) betref.

"Later", het du Plessis voorsien, moet daar 'n geskiedenis "in die ware sin van die woord" kom ...

Tydens die eeufeesvieringe van die Teologiese Skool en die PU vir CHO in 1969 – laasgenoemde instansie se aanspraak op deelgenootskap in die eeufeesvieringe is natuurlik 'n aanvegbare saak, wat hopelik deur hierdie studie finaal as ongegrond bewys is – het die twee instansies besluit om gesamentlik 'n gedenkboek uit te gee. Met moederinstelling Teologiese Skool kennelik die "senior vennoot", is die taak aan kerkhistorikus en teologiese professor GCP van der Vyver opgedra. JS du Plessis, hoof van die Geskiedenis-departement aan die PUK, het as sekretaris van 'n vierman redaksiekomitee opgetree.

Van 'n direkte aandeel deur du Plessis in die eindproduk, *My erfenis is vir my mooi*, is daar geen tekens nie. Van der Vyver het wel vryelik gebruik gemaak van sy "deeglik gedokumenteerde studie", maar op 'n manier van sy eie. Van der Vyver het 'n totaal ander aanslag en metodiek as Du Plessis, wat sy werk minstens meer lesersvriendelik maak as du Plessis se selfverklaarde kroniekwerk.

Van der Vyver se benadering was uit en uit om 'n gedenkboek daar te stel en hy erken dan ook dat sy boek geen gewone geskiedskrywing" of 'n "geskiedenis in die gewone sin van die woord" is nie. En hoewel *My erfenis is vir my mooi* enersyds 'n waardevolle bydrae tot die literatuur oor die PUK is, is daar tog opvallende leemtes en gebreke vir sover dit die inhoudelike betref terwyl die afwesigheid van wetenskaplike verantwoording in die vorm van bronverwysings erg aan die nutswaarde van die boek afdoen. Des te meer so by die ontdekking van feitefoute of foute by die oornam van aangehaalde inligting uit ander bronne. Die mees blatante en inderdaad onverklaarbare fout, wat ook die redaksiekomitee ten laste gelê moet word, is die toedigting van outeurskap van die PUK se "Alma Mater" aan prof JD du Toit (Totius) terwyl dit vry algemeen bekend was dat dit uit die pen van oudstudent SJ Pretorius was.

In 1975 word 'n drasties verkorte weergawe van du Plessis se manuskrip van 1961 in die reeks *Wetenskaplike Bydraes van die PU vir CHO: Reeks A – Geesteswetenskappe* opgeneem. Dit beslaan 242 bladsye en is boonop ontdaan van alle verwysings. Wat die motivering of doel hiermee was, word nie gesê nie en is ook nie mooi duidelik nie. Deur publikasie in die betrokke reeks is wel daaraan 'n ietwat breër bekendstelling gegee en sou dit beslis intern van waarde kon wees

as algemene bron van inligting oor die PUK in geheel of oor sy komponente, byvoorbeeld departemente. Inagnemende die selferkende gebreke en tekortkominge van die oorspronklike werk, is die sinvolheid van hierdie publikasie ietwat onder verdenking.

Dit is natuurlik wel moontlik dat *Spes in Arduis : 'n geskiedenis van die Universiteit van Suid-Afrika*, wat in 1973 tydens die eeufeesvieringe van hierdie inrigting die lig gesien het en deels gebaseer was op 'n omvattende voorstudie deur outeur Maurice Boucher, as stimulus vir du Plessis se 1975-uitgawe gedien het. Die verskil in die tipe publikasie en die gehalte drukwerk toon duidelik dat du Plessis s'n, anders as dié van Boucher, nie vir die breë lesersmark bedoel was nie.

Met die afsterwe van du Plessis in 1990 het die gedagte ontstaan om, in aansluiting by sy onafgehandelde baanbrekerswerk in hierdie verband, weer aandag te gee aan die geskiedskrywing oor die PUK. Weens 'n verskeidenheid faktore kon 'n beoogde dieptestudie hieroor egter nie van die grond af kom nie. Vroeg in 1993 is gespeel met die gedagte aan 'n wetenskaplik-gefundeerde verantwoording van die universiteit se wetenskapsbeoefening en -beskouing, met 'n gepaardgaande koffietafelboek waarin die kronologiese verhaal van die PUK in woord en beeld vasgelê kon word.

Op daardie stadium het 'n ander projek vanuit die breëre universiteitsgeledere onder die vaandel *Besinning en Insig*, die wind tydelik uit die seile van die histories-georiënteerde inisiatiewe geneem. 'n Stewige redaksie en imponerende werkspanne sou, met die oog op die herdenking van die (destyds gewaande) 125ste bestaansjaar van die PUK in 1994, 'n publikasie saamstel oor die wordingsgeskiedenis en toekomsgerigtheid van die Universiteit.

*Besinning en Insig* het baie entoesiasies weggespring maar hom spoedig vasgeloop teen die harde werklikhede van projekte van hierdie aard. Eers in 1998, vier jaar ná die teikendatum, het hierdie projek vergestaltung gevind – en ook nie as die oorspronklik bedoelde selfstandige publikasie nie, maar in 'n spesiale uitgawe van die tydskrif *Koers* en wel onder titel *Verkenning in oorgang*, met subtitel *Gedagtes by die 125-jarige bestaansjaar van die PU vir CHO – 1994*.

*Verkenning in oorgang*, wat basies handel oor “die **struktuur** van die PU vir CHO as universiteit, oor sy prinsipiële **rigting of grondslag**, oor sy **geskiedenis** en oor sy talle **verhoudings** met ander instellings en gemeenskappe soos staat, bedryf, kerk en sy ondersteunersgemeenskap” (PGW du Plessis, p 5), is 'n uiters waardevolle toevoeging tot die literatuur oor die PUK. Redaksievoorsitter CJ Reinecke het as ideaal van die publikasie gestel “dat dit prinsipiële denke moes aandui oor wesenlike aspekte van die Universiteit, veral vanuit die historiese konteks en die temporêre aktualiteit van die oorgang na die nuwe Suid-Afrika”, en dat dit 'n verwysingsraamwerk moes skep “waarbinne insig verkry kon word oor die wese en karakter van die PU vir CHO en hoe hierdie karakter oor die loop van jare tot uitdrukking gekom het”. In die publikasie word gevolglik ook sterk gefokus op die staatkundige oorgang wat in 1994 beleef is, en die besinning wat in PUK geleedere daarmee gepaard gegaan het. (CJ Reinecke, in Voorwoord pp i-iii).

Wat die historiese komponent betref, gee rektor Reinecke 'n deeglike maar uiteraard baie beknopte oorsig oor die wording van die PUK as deel van die land se universiteitsstelsel, terwyl 'n aantal ander medewerkers ook die historiese kollig liggies laat val op die onderskeie rektore, op die die PUK se Christelike en Afrikaanse karakter en op die PUK as akademiese instelling. Van grondige en veral primêre navorsing is daar in hierdie bydraes nie juis sprake nie.

Intussen het die behoefte aan 'n deeglike, histories-verantwoorde teboekstelling van die PUK se geskiedenis bly voortbestaan en is dit gestimuleer deur die totstandkoming van die PUK-Argief in 1993 en die waardevolle inligting wat gaandeweg aldaar byeengebring is. Die nodige beplanning is in die loop van 1997 gedoen en aan die begin van 1998 is 'n projek oor die geskiedenis van die PUK tot 1977 in naam van skrywer hiervan geregistreer. Kort hierna is 'n opvolgprojek vir die daaropvolgende tydperk in die naam van prof Elize van Eeden en 'n span medewerkers geregistreer.

Vanweë die omvang en eise wat ten opsigte van tydsbesteding gestel is, in wat sou blyk te wees onrealistiese najaag van teikendatums, is die eerste been van die projek ingekort om die tydperk net tot 1951 te omspan en is die restant na die Van-Eeden span oorgedra. Van agterna beskou, is daardeur tog 'n heel sinvolle verdeling bewerkstellig. Selfstandigwording in Maart 1951 is die kulminasiepunt van die strewe en ideaal wat reeds in embryo by die totstandkoming van die Teologiese Skool in 1869 aanwesig was.

## Rolmodelle

By die aanvang van 'n projek soos hierdie word daar noodwendig eers bestekopname gemaak, ook van wat reeds elders op hierdie besondere of aanverwante terreine gedoen is, om uit meerdere ervaring te leer maar ook om koers te bepaal. So is daar kennis geneem van *Ad Destinatum 1910-1960*, die gedenkboek van die Universiteit van Pretoria wat in 1960 uitgegee is onder redaksie van drie geskiedkundiges van naam en faam, naamlik professore AN Pelzer, FJ du Toit

Spies en WJ de Kock. Hulle is in die byeenbring van data bygestaan deur dekane, departementshoofde en amptenare. Hierdie geskiedenis is intussen met verdere uitgewes van *Ad Destinatum* aangevul.

Die Universiteit van Stellenbosch, wat sy totstandkoming herlei tot met die stigting van die Stellenbosch Gimnasium in 1866, het sy eeufees in 1966 gevier met die verskyning van 'n omvattende gedenkboek getiteld *Stellenbosch 1866-1966: Honderd jaar hoër onderwys*. In 'n voorwoord spel prof HB Thom die eise wat aan so 'n boek gestel word uit as "heelwat navorsing, 'n sin vir perspektief en 'n simpatieke aanvoeling vir wat van wesenlike belang is". Die opvoedkundige, prof PS du Toit, het die grootste deel van die boek behartig terwyl historici proff DJ Kotzé en Bun Booyens saam met etlike ander dosente, onder meer drr Danie Craven en Erica Theron, ook vir bydraes gesorg het.

Navorsing oor die geskiedenis van die Universiteit van Kaapstad het in 1969 'n aanvang geneem en moes die tydperk 1918-1968 (later uitgebrei tot 1979) omspan. By sy oorlye in 1984 het veteraan ekonomiedosent HM Robertson 'n manuskrip van 2752 bladsye nagelaat, wat sy opvolger-skrywer, historikus Harold Phillips, bloot as 'n bron van inligting gebruik het vir sy selfstandige werk oor 'n korter tydspan, wat in 1993 verskyn het onder die titel *The University of Cape Town, 1918-1948: The formative years*.

Die geskiedenis van die Universiteit van Witwatersrand (Wits) is vervat in twee monumentale studies deur historikus Bruce K Murray. Die eerste volume, *Wits: The early years ..., 1896-1939*, "has been written at a fair speed" en het feitlik Murray se voltydse aandag in beslag geneem, voordat dit na net drie jaar in 1983 die lig gesien het. Hy het ook hulp gehad van enkele medewerkende navorsers en assistente. Latere vise-kanselier en rektor RW Charlton het hierdie werk aangeprys as "no mere chronological account but rather a highly professional history that also managed to be eminently readable".

Op grond van sy eerste produk is Murray getaak om Wits se geskiedenis verder deur te trek, met die oog op die 75ste herdenking van die bestaan daarvan in 1997. Na veertien jaar, met behulp van verskeie medewerkers en talryke adviseurs, het Wits: "*The open years ..., 1939-1959*" die lig gesien. Soos in die geval van Phillips se werk oor die Universiteit van Kaapstad, maak Murray daarop aanspraak dat sy werk nie soseer 'n geskiedenis van Wits is nie, maar wel 'n studie van hoe 'n liberale instelling eers in 'n era van segregasie en daarna onder apartheid gefunksioneer het. Die sterk politieke fokus word nie verbloem nie.

In 1973 verskyn '*Spes in Arduis: 'n geskiedenis van die Universiteit van Suid-Afrika* as deel van dié universiteit se eeufeesviering. Die outeur was M Boucher in medewerking met JJ Brits. Ook hiervan word gesê (deur prof Theo van Wijk in sy voorwoord) dat dit nie net die geskiedenis van sy voorganger, die University of the Cape of Good Hope bevat nie, maar inderdaad ook die geskiedenis van hoër onderwys as geheel in Suid-Afrika. Dit kan ook genoem word dat historici tans besig is om die geskiedenis van die Universiteit van die Vrystaat grondig na te vors, met die oog op publikasie binnekort met die herdenking, in 2004, van die totstandkoming van die Grey Universiteitskollege honderd jaar gelede.

Die aanslag van die bo genoemde gelewerde werke verskil. Dié van Stellenbosch, Pretoria en die Universiteit van Suid-Afrika dra 'n gedenkboekarakter en bevat byvoorbeeld nie bronnelyste en/of verwysings nie. Murray se werke oor Wits blink uit as synde sowel wetenskaplik gefundeerd as lesersvriendelik en ly dit geen twyfel nie dat hierdie werke as modelle voorgelou kan word, veral wat betref die deeglikheid van die navorsing en die insette wat gelewer is om die eindproduk op die tafel te bring.

'n Boek wat buite die geskiedenis van die universiteitswese om tog ook as "rolmodel" beskou kan word, is dié van daardie eertydse doyen onder Afrikaanse geskiedskrywers, CFJ Muller, naamlik *Sonop in die Suide: Geboorte en groei van die Nasionale Pers 1915-1948* (1990). Muller het deurentyd gepoog, en grootliks ook uitstekend geslaag, om die geskiedenis van die Nasionale Pers in die hoofstromings van die breë historiese ontwikkelingsgang te plaas. In 'n veel mindere mate as die pers miskien, maar baie beslis tog, is universiteite deel van die gemeenskap en as sulks dan ook geskiedenismakers, gee dit rigting en koers aan.

Muller is deur sy opdraggewer 'n vry hand gelaat wat betref die insameling van sy stof en die vertolking daarvan. Die maatskappy het, by monde van voorsitter Piet Cillie, geen huldigingskrif verlang nie, "maar 'n objektiewe uitbeelding van 'n werklik betekenisvolle verskynsel in ons land se geskiedenis". Ook in hierdie opsig was Muller dus 'n rolmodel want in hoegenaamd geen opsig is skrywer hiervan voorgesê oor wat en hoe geskryf moes word nie.

## **Uitgangspunte en benadering**

Die produk wat op die tafel is, kan geklassifiseer word as verhalende geskiedskrywing, wat ook getipeer word as "the

meaningful representation of human beings in time” (**Hans Kellner, “Narrativity in History: Post-structuralism and since” in History and Theory, 1987 p 14**). Oor hierdie vorm van geskiedskrywing het van Jaarsveld in 1991, in ‘n bydrae oor die herlewing daarvan sedert die sewentigerjare, die volgende te sê gehad: “Die verhalende vorm is ... grondliggend vir die organisasie, transformasie en kommunikasie van ervaring. ‘n Wesenlike deel van die verlede-ervaring is ‘n verhalendgebonde ervaring. Die verhalende struktuur van die geskiedenis verbind die begin en einde van ‘n verhaal, nie as bloot net ‘n faktiese verloop nie, maar ook as ‘n konsepsuele gestalte. Die wêreld van die geskiedenis is ‘n wêreld van handeling wat feite- en gebeurtenissamehange in die “verstaan” deur ‘n verhalende vorm waarborg.” Van Jaarsveld het ‘n terugkeer na die esteties-literêre vormgewing van die verlede, soos onder meer vaardig by beroemde historici soos Leopold von Ranke en J Huizinga, geïdentifiseer.

Van Jaarsveld se betoog is geïnspireer deur die onleesbaarheid van die penneprodukte van Franse en Duitse historiese skole: “Deur die sogenaamde “verwetenskapliking” van die geskiedenis het die *mens* daaruit verdwyn, en is die aandag gevra vir onpersoonlike en abstrakte ekonomiese en sosiale kragte wat sy lewe onbewustelik bepaal. Tabelle, statistieke en grafieke het in die tekste verskyn wat tot genoemde onleesbaarheid ... aanleiding gegee het. Dit geld ook die hedendaagse droë analitiese bewysvoerings, die prosa van tegniese jargon en ‘n masjiengerigte statistiese benadering. Die strukturalistiese, analitiese en kwantifiserende historici het mettertyd ontdek dat hulle net met hulleself en onder mekaar ‘n gesprek voer en met niemand anders nie. Die resultate van hulle navorsing het hul weg na vaktydskrifte en monografieë gevind, wat weens die geringe oplaag so duur was dat prakties slegs biblioteke dit aangekoop het” (**FA van Jaarsveld, “ ‘n Terugkeer na die verhalende geskiedskrywing”, in Historia 36(1), Mei 1991 pp 2-7**).

Die van Jaarsveld-sentimente is in lyn met gedagtes wat skrywer hiervan reeds in 1980, by die aanvaarding van die professoraat aan die PUK, in ‘n rede getiteld “Die Universiteit en die geskiedskrywing” uitgespreek het en wat inderdaad ten grondslag lê van die eie geskiedbeoefening. Dit is ook heeltemal in lyn met die uitgangspunt en benadering van ‘n gerespekteerde voorganger en mentor, prof DW Krüger.

Hierdie studie is die resultaat van diepgaande navorsing oor die PUK se geskiedenis tot 1951 en ‘n poging om, uiteraard met klem op die hoofmomente en hoofstrominge, ‘n geheelbeeld (verhaal) te bied van die ontstaan en ontwikkeling van die inrigting, binne konteks van die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse samelewing in die algemeen en van die Suid-Afrikaanse universiteitswese in die besonder. In die proses het die kollig deurgaans skerp geval op die menslike faktor, op die motiewe en die doen en late van diegene wat dinge laat gebeur het.

Hierdie boek wil, in woord en beeld, ‘n reeks taferele voor die geestesooop oproep waardeur lesers ‘n duidelike beeld kan kry van hoe en wat en wie die PUK nou eintlik was. Of mense nou daarmee eens was of is en of mense daarmee saamstem of daarvan verskil, word die drome en ideale, die prestasies en die frustrasies, die suksesse en die teleurstellings of mislukings op die pad van die PUK in hierdie werk aan die vergetelheid ontruk.

Die PUK se geskiedenis is nie net die geskiedenis van manne soos Dirk en Ferdinand Postma, JD du Toit (Totius), Joon van Rooy, J Chris Coetzee, HG Stoker en te veel ander noemenswaardige groot geeste nie; nee, daar moet ook plek ingeruim word vir die rebelse en betersweterige Hollandse studentjie Jan Ernestus van Minnen, wat as eertydse student van Utrecht en die VU in Amsterdam en later as tydelike privaatsekretaris van president Paul Kruger vir die Burgersdorpse studentjies wou kom leer hoe om ‘n studenteleeu in die barre Karoo op gang te kry. En vir die byna hartroerende ontboesemings van belowende en gewilde jong dosent Lulu Latsky, na haar ietwat ongevoelige afdanking as slagoffer van die besuiningsbeleid in die depressiejare.

Ook Chemie-lektor Helmuth Schulz, die sendeling-seun van Koffiefontein, wat kort na sy aanstelling in Januarie 1919 vanweë kerklike oorweginge sy pos prysgee “omdat mij ideale nie Uw ideale kan wees nie”, verdien ‘n plek in die annale van die PUK. Om nie vir Potchefstroom Gimnasium se onderwyser Sareltjie Yssel en Gert Kruger, die boer van Kalkoenkrans daar in Steynsburg se wêreld, te vergeet nie: eersgenoemde as “vader” van die “koei-stelsel” (1911) en laasgenoemde die man wat in 1916 met sy £100 skenking die Jubileumfonds projek koers laat kry het.

Hierdie boek gee ook regmatige eer aan die eerste volwaardige vroulike graadstudent van die PUK, die minlike Martha Catharina Transvalina Lugtenburg – die “Groot Eensame”, wat in 1919 haar BA-graad verwerf het en in 1922 tragies gesterf het. Dieselfde geld vir die eerste vroulike professor aan die PUK, me AC Norenus, wat – vir die PUK heeltemal voortydig – in die vroeë dertigerjare haar pos vir kloosterdiens verruil het.

Bostaande is maar enkele van talle voorbeelde waar die kollig sydelings geval het. Was dit nie vir beperkinge eie aan publikasies van hierdie aard nie – soos tyd, ruimte en geld – sou veel meer persone se rol en aandeel in die groei en ontwikkeling van die PUK ook in die annale opgeneem kon gewees het. Hierdie leemte sal tot ‘n mate ondervang word

deur die beplande teboekstelling van sages en legendes van die PUK asook ander temas wat daarvoor kwalifiseer.

Verbondenheid aan die PUK, as student en later as personeellid, het geen vrypas verleen vir die versaking van die strewe na en eis van objektiwiteit nie. Gevolglik het etlike gevestigde opvattinge die knie moes buig voor nuwe of ou, miskende feite en kon/moes heelwat regstellings gedoen word.

So is onder meer die mite geprik dat die bekende kunstenaar JH Pierneef vir die PUK embleem verantwoordelik was, terwyl die (gerieflike?) dwaling oor die stigtingsdatum of geboorte-uur van die PUK ook blootgelê is. Blatante onwaarhede, soos dat Ferdinand Postma die PUK se rektorskap eers vanaf 1921 (in plaas van 1919) beklee het – ‘n fout wat selfs op sy grafsteen voorkom! – en die reeds genoemde byna onvergeeflike blaps in ‘n gedenkboek, om Totius in plaas van oudstudent SJ Pretorius met die digterskap van die Alma Mater te krediteer, is enkele van talle regstellings in hierdie boek.

En waar die verskyning van *Wonderdaad ...!* in ‘n era val waar “regstellende aksie” ‘n modewoord geword het en onder meer uiting vind in die verandering van plek-, dorps- en straatname, is hand in eie boesem gestee. En ja, waarlik: die PUK professore en studente was self op hul dag verantwoordelik vir naamsveranderinge!

In 1938, te midde van die emosionele herdenking van die Groot Trek honderd jaar tevore en met PUK dosente en studente aan die voorpunt, is King Edwardstraat (Potchefstroom se hoofstraat) verander tot Kerkstraat – sy oorspronklike naam. Daarmee kan egter nie fout gevind word nie, want oorspronklik was die naam wel Kerkstraat en is dit na die Anglo-Boereoorlog na die Britse vors vernoem. Op die PUK self was daar ook ‘n vernoeming, en word vrymoedigheid geneem om aan te beveel dat die alles-beskrywende naam “Landgoed Oude Molen” weer in ere herstel sal word. Dit beteken nie dat “Fanie du Toit Sportterrein” daarmee totaal in die slag hoef te bly nie. Sulke regstellende naamgewing-aksies, volgens die uitgangspunt dat lukrake, sentiment-gedrewe naamsveranderinge nie geregverdig is nie of dat nie noodwendig weggevat moet word om ook erkenning te kry nie, kan as modelle dien vir die hantering van sensitiewe kwessies in ons breë samelewing wat, indien dit nie koelkop hanteer word nie, verhoudinge erg kan vertroebel.

## Lesersvriendelikheid

Van meet af aan is as ideaal gestel dat die boek oor die geskiedenis van die PUK lesersvriendelik moes wees. Vir ‘n leserspubliek wat sowel akademici as die gewone mens, die dosent sowel as die student en oudstudent, die vurige ondersteuner van die inrigting maar ook die belangstellende buitestaander insluit. Op sigwaarde dus nie so ‘n maklike taak nie!

Anders as wat in baie kringe geglo en/of aanvaar word, is wetenskaplikheid beslis te versoen met lesersvriendelikheid. Die beroemde Nederlandse historikus Huizinga het dit beskou as “het voorrecht en de dure plicht der historie, om zich verstaanbaar te maken voor alle ontwikkelden” (**J Huizinga, “De wetenschap der geschiedenis”, in *Verzamelde Werken VII*, p 150**) terwyl JJ Oberholster, met verwysing na die “verwetenskapliking van die geskiedskrywing” as oorsaak vir die verskynsel dat geskiedenis nog geskryf maar nie meer gelees word nie, van mening was dat die saak reggestel moes word: “Myns insiens het dit die taak van die historici geword om, sonder opoffering van die kardinale beginsels, die band tussen geskiedenis en lewe, tussen geskiedskrywer en publiek, te herstel.” (**JJ Oberholster, “Die neerslag van die Romantiek op ons geskiedskrywing”, 1965**)

Wat lesersvriendelikheid betref, kan aangesluit word by ‘n uitspraak wat ds (voorheen en later professor) JA du Plessis in 1907 gemaak het. Ons is te eensydig, te skolasties, het hy gesê, en daaraan toegevoeg: “Ook ‘t hart moet gevoed worden, niet alleen de verstand.” (**Het Kerkblad, 1.1.1907**) Om die lesersvriendelikheid van die teks van hierdie werk te verhoog, ook die hart en nie net die verstand nie te voed, is gevolglik ruimskoots gebruik gemaak van foto- en illustrasie materiaal.

Besondere moeite is gedoen om, wat betref persoonlikhede, foto’s te bekom wat vir sover moontlik uit die besondere tye dateer en nie maar by die algemeen bekende foto’s te volstaan nie. Dieselfde geld vir foto’s van gebeurlikhede en instellinge. Om by enkele voorbeelde te volstaan: die foto van die jong meise langs die watervoor, met die ou en nuwe Gereformeerde Kerke in die agtergrond; die relatief onbekende foto van die eerste “Ons Huis”-koshuis van die laat-twentigerjare, met studente en fietse op en voor die stoep, en derdens die dramatiese foto waar prof Dirk van Rooy, op sy dag heelagter vir die Wes-Transvaalse Mielieboere, behendig die vallende puin van die brandende biblioteek systap. Die effek daarvan spreek vir sigself.



Direkte aanhalings is 'n uiters waardevolle hulpmiddel om lesersvriendelikheid te bewerkstellig – mits dit smaakvol en kunstig gedoen word en nie geforseerd voordoen nie. Aanhalings word tradisioneel gebruik om woorde/begrippe/sienswyses weer te gee wat, indien dit in eie woorde vertolk word, grootliks hul draagkrag en soms ook hul betekenis verloor. **(GJ Renier, What is history?, pp 65-67)** Per slot van rekening sal die lesers tog veel eerder die rolspeler se eie woorde of uitdrukkings wil aanhoor as die (soms lompe) opsommings of parafrases van die skrywer. In hierdie werk is gepoog om, veral waar dit belangrike of besondere uitsprake betref, die rolspelers self aan die woord te stel en also die milieu of décor waarteen die geskiedenis hom afgespeel het, so realisties moontlik by die leser tuis te bring. Hoe vreemd sou dit nie wees om die Postmas en tydgenote aan die einde van die 19de eeu in hedendaagse Afrikaans te laat praat nie!

Die geskiedenis van die PUK speel af te midde van groot ontwikkelinge op taalgebied, in die tyd toe Afrikaans as spreek- en skryftaal sy kleims begin afsteek het. Direkte aanhalings is dus tegelykertyd ook 'n spieëlbeeld van taalontwikkeling, al is dié ontwikkeling, soos dit in hierdie werk weerspieël word, bloot lukraak en sporadies.

Gevra na die suksesresepte vir sy kykersvriendelike produkte, het die bekroonde Afrikaanse filmmaker Jans Rautenbach, van "Arende"-faam, dit by geleentheid só gestel: "Mense wil belê in iets besonders, hulle wil deel wees van 'n droom ... Hulle wil die arend se vlerke teen hulle voel verbyskuur" **(KYKNET, 1.7.2000)**. As navorser en skrywer van hierdie werk oor die PUK het ek as 't ware heel tyd die pad saam met die rolspelers geloop, was ek deel van die "droom". Hopelik sal dit ook so wees met lesers van hierdie boek oor die PUK se veelbewoë maar baie interessante en by tye selfs opwindende geskiedenis: dat hulle sal deel, dat hulle hulle sal kan inleef in die drome van die stigters en die bevorderaars van die PUK, dat hulle die lief en die leed, die lig en die donker op die wapad van hierdie inrigting met sy besonderse, eiesoortige karakter, die "wonderdaad ... uit die nag van smaad", as 't ware self sal beleef.

## Enkele leemtes

Waar die omvang en intensiteit van die navorsing aanvanklik en tot 'n groot mate dwarsdeur die verloop van die projek heeltemal onderskat is, is tog gepoog om die vernaamste fasette van die geskiedenis van die PUK aan te spreek. Verskeie aspekte, waarvan enkeles hieronder genoem word, kon noodgedwonge nie na behore in hierdie werk hanteer word nie.

Ondanks verskeie rekenaarsoektogte in die argief van die departement van Onderwys kon dokumente oor 'n groot aantal sake waarby die PUK betrokke was byvoorbeeld nie opgespoor word nie. 'n Groot leemte is ook ervaar ten opsigte van data oor interuniversitêre verhoudinge, terwyl die posisie van dames binne die poorte van wat aanvanklik 'n eksklusiewe "mansklub" was, wel hier en daar opgeduik het en aangespreek is, maar by verre nog nie ten volle verrek is nie.

Die ontstaan en geskiedenis van fakulteite, departemente, institute en afdelings van die PUK is wel deur du Plessis in sy studie gedek, maar daar is opsigtelike leemtes en kleiner foute wat om aanvulling en regstelling vra. Die omvang van navorsing in hierdie verband is egter van so 'n aard dat van meet af aan besluit is dat dit nie ook in hierdie studie ondervang kon word nie. Daar behoort inderdaad 'n selfstandige projek hieroor op die been gekry te word.

Namate die projek die limiete van die oorspronklike beplanning herhaaldelik oorskrei het, het dit geblyk dat die formele geskiedenis van die georganiseerde studentelewe (en aktiwiteite van oudstudee) nie binne die tydsraamwerk ingepas kon word nie. Wel is gepoog om sekere hooflyne te trek en veral om die impak wat studente optredes en aktiwiteite op die ontwikkeling van die PUK gehad het, te verrek. Net soos in die geval van fakulteite, departemente, ensovoorts, verdien die geskiedenis van die georganiseerde studentelewe beslis ook afsonderlike aandag. En afsonderlike publikasie.

**Sonder om dus op volledigheid aanspraak te maak, as die sogenaamde "laaste woord" te poseer – daarvoor sal veel meer tyd nodig wees, veel dieper gedelf kan word – wil hierdie boek niks meer en ook niks minder nie wees as 'n eerlike beeld van die PUK se verlede, tot 1951. Soos Ferdinand Postma in 1923, ná die oprigting van die sinkgeboue as eerste fisiese adres kon sê: "Dáár is die P.U.K.!", só wil hierdie boek ook die boodskap na buite uitdra: "Dáár, dit is die PUK – tot 1951!"**

PF van der Schyff

Januarie 2003

